


**LIGDRAERS - SELMATERIAAL**

Die idee dat ons geroep is om ligdraers te wees is 'n deurlopende tema in die Bybel.

**Jesaja 49:6b**

*Ek maak jou 'n lig vir die nasies*
*sodat die redding wat Ek bewerk,*
*die uithoeke van die aarde sal bereik.*

Matteus 15

*14"Julle is die lig vir die wêreld."*

*16Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."*

- **Wat is jou definisie van 'n *LIGDRAER*?**

Ons fokus die week op die storie van twee ligdraers: Paulus en Ananias

- Deel met mekaar van jou gunsteling teksverse van Paulus of wat van sy persoonlikheid of karakter vir jou uitstaan?

Paulus is ’n Jood, Fariseërs en ywerige vervolger van die kerk.
In Handelinge 7-9 verskyn hy op die toneel.

- **Lees Handelinge 9:1-18**
  - Bespreek wat vir jou uitstaan in die verhaal?

**PAULUS**

- Hy gaan voort van sy bekering en met dieselfde ywer (“zeal”) begin hy nou VIR die evangelie werk ipv TEEN die kerk.
- Hier is paar tekste waar hy vir gemeentes skryf en ons iets van sy persoon en journey hoor:
  - Filippense 3:3-5
  - 2 Korintiërs 11:23-28

In Handelinge 9 sien ons een storie - vertel van 2 merkwaardige ligdraers.

**WAT LEER ONS BY HULLE?**

**PAULUS**

○ **Sy bekering =** een van bewyse van die waarheid van die opstanding
  - hoe verander iemand van vyand na vurige verkondiger?
- Leer die onnwaarskynlikstes kan verander
  - Glo jy dit?
  - Is dit dalk jy?
  - Of vir wie bid jy?
    - Is daar dalk iemand wat tans ’n vyand is van jou, jou mense of jou geloof vir wie jy moet begin bid?

○ **God gebruik gawes**
- Selfde gawes waarmee hy kerk vervolg word anders aangewend.
- Hoe lyk jou gawes wat God dalk anders wil aanwend?

○ **Vervolging**

- Hoe lyk jou rug?
- watse *shots* is jy bereid om te vat? Paulus is ongelooflike voorbeeld van ly vir wat jy glo.

**ANANIAS**

○ Hoe dink jy het hy gevoel toe God vir hom hierdie opdrag voel?

Hy is gehoorsaam al is hy bang en onseker.

- Wat vra God vir jou wat jou bang maak?

**TEN SLOTTE**

Wêreld benodig ligdraers wat bereid is om lig in donker te bring.

Leer by ander se stories - begin bid, soek en oefen.

- Waar dink jy is jy tans ’n ligdraer?
- Hoe dink jy sal dit die wêreld raak as ons onsself as ligdraers begin sien?

○ Sluit af met gebed

- Gee geleentheid vir versoeke - en veral name van mense vir wie julle as selgroep kan begin bid. Hou weekliks aan om te bid vir die mense wat jul glo God ook so radikaal kan omdraai soos Paulus.